# JEUG – Familie Funaand - 1

## 1. PRAISE EN WORSHIP

## 2. MINUTE TO WIN IT:

- Kyk hoeveel Bybelboeke julle as groep in volgorde in 1 minuut kan rangskik, SONDER om jou Bybel te gebruik, en sonder veel hulp van die groepleier. Die groepleier kan raad gee, maar mag dit nie VIR die kinders doen of al die antwoorde gee nie!!

## 3. PICTIONARY:

- Daar is 5 Bybelverhale, 'n groeplid van elke groep kom na vore, trek 'n verhaal, en kyk hoe vinnig hulle 'n prentjie kan teken om die verhaal aan die groep te verduidelik.
- Wanneer hulle klaar is kom trek hulle die volgende prentjie – die span wat eerste al 5 verhale reg geraai het, hardloop na die tafel en plak 'n nommer teen hulle tafel vas, volgens die plek wat hulle behaal het bv. 1-10.
- ***Reëls van die speletjie***: die persoon wat teken mag NIKS praat of verduidelik nie, hulle mag NET iets uit die verhaal teken wat die span sal help om reg te raai.
- Probeer asb elke keer 'n ander groeplid gebruik sodat een lid nie al die tekenwerk doen nie!
- Hier maak ons staat op die eerlikheid van die groepleier, jy mag nie help nie, maar kontroleer of die antwoorde reg is.

## 4. MINUTE TO WIN IT:

- ***Wordsearch***: kyk hoeveel van die woorde julle as groep in 1 minuut kan kry.

## 5. 30 SECONDS:

- Daar is 3 kaartjies met 5 Bybelfigure op, 'n groeplid van elke groep kom na vore, trek 1 kaartjie, en kyk hoeveel van die Bybelfigure hulle in 30 sekondes kan verduidelik en die groep kan raai.
- Die naam van die figuur mag nie gebruik word, of geteken word nie.
- As jou groep klaar reg geraai het voordat die 30 sekondes om is, kom plak julle 'n nommer teen die tafel vas – as julle nie klaar is nie, plak julle NIE 'n nommer nie.
- Hier maak ons staat op die eerlikheid van die groepleier, jy mag nie help nie, maar kontroleer of die antwoorde reg is.

## 6. MINUTE TO WIN IT:

- ***Hidden picture***: kyk hoeveel prentjies julle as groep in 1 minuut kan kry.

## 7. BYBELVERS UITBEELDING:

- Elke groep kom trek 'n Bybelvers
- Julle het 5 minute om te besluit hoe julle die Bybelvers gaan uitbeeld, met handgebare en bewegings
- Na die 5 minute kom almal in die kerk bymekaar, en julle beeld julle Bybelvers vir die grootgroep uit.
- Die grootgroep kyk of hulle kan raai wat julle uitgebeeld het.